**Hoërskool McLachlan**

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-9402775
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 25/01 2024

Geagte Ouers/Voogde

1. **Skool gesluit:**
   Op Vrydag, 26 Januarie, sal daar geen skool wees nie, a.g.v. die LS-Langkloof-atletiekbyeenkoms wat by ons sportveld gehou word.

2. **Bedanking:**
   Die afrigters en personeel van Hoërskool McLachlan wil al die ouers, studente en oudleerlinge bedank vir hul harde werk tydens die Kleuresport. Sonder julle sou dit moeilik gewees het om 'n suksesvolle byeenkoms aan te bied. Jul hulp word opreg waardeer.

   Die volgende laerskoolbyeenkomste wat Hoërskool McLachlan aanbied is 26 Januarie en 10 Februarie 2024. Ons sal baie bly wees indien u bereid is om weer van hulp te wees.

3. **Sluitkassies**:
   Sluitkassies vir 2024 is teen R100 per jaar beskikbaar. Aansoeke kan by mev. Van der Mescht afgehaal word.

4. **Klerebank:**
   Tye vir die klerebank is as volg:
   Dinsdae en Donderdae: 14:30 – 15:00
   **GEEN verkope sal gedurende ander dae en tye plaasvind nie. Kontant- en kaartbetalings word aanvaar tydens aankope.**

5. **Skoolure op Vrydae vanaf 2 Februarie 2024**:
   Die skoolure op Vrydae word verleng. Vanaf Vrydag, 2 Februarie, gaan die skool om 13:20 vir graad 4- tot 12-leerders verdaag en nie meer 12:40 nie. Let daarop dat die LSOB- en gr. 1- tot 3-leerders nog steeds 12:40 op Vrydae gaan verdaag.

6. **Administratiewe reëlings**:
   Ek doen 'n vriendelike, dog ernstige beroep vir die volgende:
   - **Geen ouer/voog sal toegelaat word om gedurende skoolure net by onderwysers se klasse op te daag, sonder 'n afspraak nie.** Ouers/voogde moet die skoolsekretaresse kontak en sy sal u besonderhede aan die betrokke onderwysers deurgee om 'n afspraak met u te maak.
   - Pakkies moet asseblief duidelik gemerk wees met u kind se naam en graad op. Die vakonderwyser sal dit gedurende pouse kry en na pouse aan die kind besorg. **Geen pakkies wat by ontvangs afgelewer word, sal gedurende klastyd deur die sekretaresse aan u kind besorg word nie**

herotel

7. **Finansies:**

- **SKOOLGELD**
  - Skoolgeld beloop **R1 270,00 per maand vir 10 maande,** betaalbaar vanaf Februarie tot November. (Totaal van **R12 700,00 per jaar**)
  - Geen glyskaal vir aantal kinders
  - Korting vir **aftrekorder** = 6,5% = **R990,00** per maand. Betaalbaar vanaf Januarie tot Desember.
  - **Jaarliks vooruit** 10% korting = **R11 430,00** (voor 31 Jan 2024)
  - Glyskaal gegrond op gesamentlike brutoinkomste van beide ouers.

  Aftrekorders:
  Indien ouers van die opsie gebruik wil maak, moet hulle asseblief die reëling met hul bank tref, en 'n afskrif aan die skool voorsien.

  Die skoolfonds is betaalbaar vanaf Februarie tot November 2024. Die eerste skoolfondsrekening vir 2024 sal aan die einde van Februarie beskikbaar wees. Ons versoek ouers vriendelik om rekenings per EFT te vereffen. Indien ouers nie oor 'n EFT-fasiliteit beskik nie, kan die skoolfonds wel kontant of met 'n kaart betaal word.

- Ons versoek ouers wat skoolfonds per EFT of by die OTM betaal, om u kind se naam en van op die verwysing te sit, en die betalingsbewys na mev. Ferreira by admin@hsmclachlan.co.za te stuur. Skoolfonds en ander betalings kan nog steeds by die skool gedoen word, indien u nie van bogenoemde metodes gebruik wil maak nie.

| | | |
|---|---|---|
| Bankbesonderhede: | Bestuursliggaam HS McLachlan | |
| | ABSA Rekeningnommer: | 1970 430047 |
| | Tipe rekening: | Tjek |
| | Takkode: | 632005 |
| | Verwysing: | **Kind se naam en van** |

**Dit is ouers se eie verantwoordelikheid om aansoek te doen vir verminderde skoolfonds. Vorms is beskikbaar by mev. L. Ferreira. Dit moet voor die 15de Februarie ingehandig wees.**

- **BUSGELD (per kwartaal):**

  Daaglikse roete

  | | |
  |---|---|
  | Misgund | R2 630 |
  | Louterwater | R2 350 |
  | Krakeel | R2 070 |

  Busgeld vir die eerste kwartaal is betaalbaar teen 31 Januarie 2024. Busgeld is vooruit betaalbaar en indien dit nie betaal word nie, mag die betrokke leerder nie verder van die busdiens gebruik maak nie.

- Kopieerkoste:
  Die kopieerkoste is R580 per leerder per jaar en moet teen 31 Maart 2024 ten volle vereffen wees. Die huur van die fotostaatmasjiene, aankoop van papier en ink plaas 'n groot finansiële las op die skool, dus is elke ouer se bydrae van uiterste belang. Die leerders van HS McLachlan ontvang kwaliteit onderrig en daarvoor is ouers se konstante bydrae baie belangrik.

herotel

8. **<u>Landsdiens</u>:**

- Die komitee het 'n propvol program vir 2024 beplan. Registrasievorms vir gr.3-12 is by mev. Van der Mescht beskikbaar en registrasie sluit op 20 Maart.
- Ten bate van kanker kan die leerders op 2 Februarie met plakkies skool toe kom indien hulle R5 betaal.

9. **<u>Sport</u>:**

*<u>Kleure-atletiek</u>*

Die afgelope Kleuresport was weer 'n hoogtepunt vir elke atleet. Die rooispan met hul seerower-tema het die meeste punte vir die dag aangeteken. Die Springbokke, oftewel die geelspan, het net so ywerig deelgeneem, maar moes tevrede wees om die geesbeker met die rooispan te deel. Tydens die vertonings is baie duikslae uitgevoer en die gooi van die waterballonne het vir baie pret gesorg, en het ook so die ergste hitte verdryf. Een en almal het die optog geniet en ons kon sien die spankapteine het baie moeite gedoen. Dit was heerlik om te sien hoe al die atlete geesdriftig deelneem. Die aflosse van Vrydagaand het baie toeskouers gelok en dit was interessant om ook die oud-atlete in aksie te sien.

Die volgende atlete het uitsonderlike presteer en nuwe rekords opgestel.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Nikita Alberts | D 0/14 | Geel | Hoogspring | 1.32 m |
| Lilitha Ferreira | D 0/14 | Geel | Hamergooi | 22,24 m |
| Lea Cedras | D 0/15 | Rooi | 90m Hekkies | 17,82 s |
| Kiana Maya | D 0/16 | Rooi | 1 500m | 6:29.94 min |
| Kiana Maya | D 0/16 | Rooi | 800 m | 3:09.55 min |
| Christiaan Korkee | S 0/16 | Rooi | 110 m H | 19.23 s |
| Marlu Kritzinger | S 0/16 | Rooi | 800 m | 2:33.36 min |
| Marlu Kritzinger | S 0/16 | Rooi | 3 000 m | 11:35.97 min |
| Denique Ferreira | Vroue 19 | Geel | Hamergooi | 22,76 m |
| Denique Ferreira | Vroue 19 | Geel | Gewigstoot | 10,01 m |

Baie geluk, dit is voorwaar 'n groot prestasie. Mag jul gedurende die atletiekseisoen groot hoogtes bereik.

Ek wil al die atlete aanmoedig om hard te oefen en om entoesiasties aan die SOK-byeenkoms van 3 Februarie 2024 deel te neem. Hierdie byeenkoms vind by Hoërskool Wittedrif in Plettenbergbaai plaas. Die leerders sal Maandag, 29 Januarie 2024, hul sportbriewe ontvang.

*<u>LS Langkloof atletiekbyeenkoms:</u>*

Eerkomende Vrydag, 26 Januarie 2024, vind die eerste Laerskoolsone-atletiekbyeenkoms by Hoërskool McLachlan se atletiekbaan plaas. Atlete wat aan die byeenkoms gaan deelneem het reeds sportbriewe ontvang. Atlete wat tydens die byeenkoms 'n eerste of tweede plek behaal, sal dan aan die Laerskool Koukamma sone-byeenkoms op Saterdag, 10 Februarie, deelneem.

*<u>Bustye:</u>*

Misgund- 06:15
Louterwater-06:30
Krakeel-06:45

<u>Algemene inligting</u>:

- Daar sal 'n snoepie beskikbaar wees.
- Maak seker dat u kind met sonskerm gesmeer is of pak dit in.
- Sorg dat u kind genoeg drinkwater of eetgoed het vir die lang dag.
- Ouers en ander ondersteuners is welkom om, op die sementpawiljoen, die dag saam met ons te kom geniet.

herotel

10. **Fondinsamelingsprojekte:**


Die volgende fondsinsamelingsprojekte word vir die kwartaal beplan. Ons vra die ouers om dit asseblief te ondersteun.

1. Oppieplaas Spit
2. Golfdag










C.J. STUURMAN
Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
tituscelestine@yahoo.com
Posbus 3, Joubertina, 6410
Oos-Kaap, Suid Afrika
Tel: +27 (0) 42 940 2775
Cell: +27 (0) 64 650 9453


Hoërskool McLachlan


herotel
McLachlan Internet Fasiliteit